

DIE LEWENSERVARINGE VAN
CATULLUS SOOS WEERSPIEEL
IN SY GEDIGTE

---oo---

deur
RICHARD GEORGE MURRAY.

VERHANDELING TER VERKRYGING
VAN DIE M. A. GRAAD AAN
DIE UNIVERSITEIT VAN
STELLENBOSCH.

---oo---

22 NOVEMBER 1957.

I N H O U D.

BLADSY.

INLEIDING.

Aspekto van Sosiale Omgang, Sedes en Gebruike vaarna Catullus in sy Gedigte Verwys	1
Catullus se Lewe, en die Empiriese Agtergrond tot Sy Gedigte... ..	9
Lewensblyheid... ..	11
Vriendskap	18
Liefde	24
Varia	33
Samevatting	37
Bibliografie	39

INLEIDING.

Voordat ons die soeklig op die onderskeie fasette van Catullus se digterspersoonlikheid instel - en teneinde dan met 'n redelike mate van sekerheid en oortuiging die aard en uitwerking (op die digter self) van sy lewenservaringe te kan bepaal - sou dit miskien insiggevend wees om die agtergrond van sy digtersverhoog, naamlik die Romeinse sosiale struktuur van die tyd waarin hy gelewe het, in vlugtige oënskou te neem.

Meer spesifiek verg die sosiale kringe waarin Catullus self beweeg het ons aandag, as voorbereidingsonderzoek wat perspektief moet verleen by die ontleding van die norme wat toentertyd gegeld het ten opsigte van sekere waardebeoordelings, gedragskodes, etiese en morele opvattinge, kulturele inslag. Die bevindinge en afleidings, wat uit so 'n ontleding kristalliseer, sou as toetssteen kon dien vir Catullus se aanpasbaarheid by, en die mate van sy vereenselwiging met, die gemeenskapspatroon van sy tyd; en sou ons sy gedigte dan met soveel beter begrip kan gebruik as barometer-lesings van sy aanvoeling en vatbaarheid vir, en reaksies tot, die invloede wat op hom ingewerk het.

ASPEKTE VAN SOSIALE ONGANG, SEDES EN
OPBRUIKE WAARNA CATULLUS IN SY
GEDIGTE VEREYS.

DIE MAALTYD:

As aanknopingspunt met die leefwyse van die Romeine neem ons die maaltyd - meer besonder die „cena“, of hoofmaaltyd - by uitstok dié sosiale geleentheid waar mense gemoedelik met mekaar voorkoor, en karaktereenskappe openbaar wat 'n gebalansoerde geheelindruk van die individu as mens daarstel.

„Jy sal by my aan huis lekker kan veglō, Fabullus, as jy 'n puik ete in oervloed saambring - en moenie die wyn en 'n aanvullige nooi vergeet nie!“ (Carmen XIII).

Van maaltye - hetoy publiek of privaat, formeel of informeel - het die deursnee Romein van Catullus se tyd veel meer gemaak as wat by vrywel enige moderne volksgroep die geval is. Die drie eeue wat onstreeks 150 N.C. ten einde loop, bied vir ons 'n sketsoplagtige verwerkliking van die gesegde: „lewe om te eet“. Veral die magnate was voortdurend in finansiële kragmetings gewikkel ten opsigte van luukseheid en kwistigheid by feesmaal-aanbiedinge - kragmetings wat die ruïnasie van meer as een fortuin tot gevolg gehad het. So hoor ons byvoorbeeld dat ons Marcus Apicius,¹ smulpaap sonder weerga tydens Tiberius se bewind, 'n erf-lating van meer as £1,000,000 spoedig laat krimp het tot skaars 'n tiende daarvan, en toe 'n strop om sy nek gaan sit het eerder as om sy lyfband in te trek.

Keiser Vitellius² het selfs oorlogskope na die Egeïse see en Spanje gestuur bloot om rare lekkernye te gaan haal.

Maar hoewel sulke grootdoenerigheid heelwaarskynlik uitsonderlik was, dien genoemde instansies nietemin om die reël te beklemtoon van 'n besonder hoë lewenstandaard by die gegoede klasse ten opsigte van hul ete en drinke, en is dit vir ons daarom verstaanbaar dat een wat in die hoë sosiale kringe van daardie tyd beweeg het, nie juis 'n kerkmuus kon gewees het wanneer hy, soos Catullus vir Fabullus, 'n hooggeagte vriend nooi om by hom aan huis

2/.....

¹ DAVIS: A DAY IN OLD ROME - 100.

² DAVIS: A DAY IN OLD ROME - 102.

te kom oet nie. Die kantige „spinnerakke“ in Catullus se boursie moet derhalwe vertolk word nie soseer as onbemiddeldheid van die gasheer nie, maar eerder as veelseggende aanduiding van sy onvermoë om vriende van Fabullus se klas in ooreenstemming met hul sosiale stand te onthaal, want, skeep hy eers 'n prosedent, sal hy homself daardeur onder 'n verpligting stel om soortgelyke gasvryheid aan soveel ander van sy invloedryke vriende te betoon; en, as hy by niemand wil agterstaan wat betref wellevendheid ten opsigte van onthaal-etiket nie, sal dit feespartye van nege persone (of veelvoude van nege) op 'n slag beteken! Sy verwysing (in Carmen XXVII) na die „ou Faleriese wyn“ wat sy slaaf vir hom skink, kan ook nikkien dien as terloopse aanvulling van die agtergrond tot sy sosiale stand en vermoë. Faleriese wyn was naamlik algemeen beskou as derde-rangse wynsoort na Setiniese en Caecubaanse wyne.

'n Interessante tafelgebruik van die Romeine word deur Catullus in Carmen XII aangeroer, waarin hy Asinius Marrucinus afros oor die kaap van sy servet. Catullus gee voor dat die sentimentele waarde van die servet die verlies daarvan ergerlik gemaak het; 'n waarskynliker oorsaak van sy urevol oor die voorval was stellig die ongerief en verleentheid waarin die verdwyning van die servet by die maaltyd hom laat beland het. Dit was naamlik die gebruik dat die persoonlike lyfbedienendes van gaste hul here se eie servette saambring; en, aangesien die eetgerei uit slegs lepels bestaan het ('n mes is alleen deur die vleisnyer - 'n slaaf - gebruik), was dit gebeurlik dat 'n gas se hande, vingers en gesig woeër of later in die gedrang sou kom, en die gamin dan van 'n servet sou nie juis daarop bereken gewees het om 'n gevoel van decorum en selfversekerdheid by die bevuste dineerder te laat opbruik nie.

In Carmen XLVII verwys Catullus na 'n vernederende sosiale verskynsel wat eie was aan die Romeinse leefwyse van daardie tyd. Wanneer hy Porcius en Socration dit verwyt dat hulle populariteit koop deur uitspattige feesmale aan te bied wat hulle

net onkoopgold finansier, terwyl Voranius en Fabullus - twee toegenoë vriende van Catullus - noodgedwonge die strate patrolleer op jag na 'n uitnodiging tot 'n maaltyd, dan maak hy laasgenoendes geen kompliment nie. Sulke parasiete - „skaduwee"¹ soos hulle by die Romeine bekend gestaan het - was alles behalve op die sosiale agtergrond. Deur hulself aan die aandag van vooraanstaendes op te dring deur allerlei flikflooiery en slaafse inkruiperigheid, het hulle dikwels daarin geslaag om hulself na ste genooi te kry, al was die prys dan ook, feitlik onder uitsondering, die nees ondergeskikte plok aan tafel en mindervaardige geregte, en hulself die skyf van die spot en skimp van die geselskap - veral wanneer hulle hulself belaglik gemaak het deur sulke gastronomiese prestasies soos kanakoeko heel in te sluk.

Blykbaar was daar ander meer verfynde maniere om jouself genooi te kry, soos byvoorbeeld in Carmen XLIV deur skemer. Dit was naamlik dat letterkundiges, wie se ontoereikende vermoëns hulle meermale gedwing het om na die ondersteuning van boshershere en bewonderaars om te sien, deur laasgenoendes (veral as dié self aspirant of gevestigde digters of skrywers was) genooi is terwille van hul besondere kulturele begaafdheid. So boken Catullus dat hy, teneinde homself na 'n smulparty genooi te kry, ingewillig het om hom op sodanige wyse deur ene Sestius te laat gebruik. Die gehalte van dié se toespraak wat Catullus verplig was om te lees, was egter van só 'n aard dat dit hom genoop het om 'n hekeldig te skryf waarin hy in ongewonde taal laat blyk presies wat hy daarvan gedink het (en terloops van homself, weens die selfagting wat hy moes inboet). Maar almal was nie so ruitelik soos Catullus wanneer dit by die bekennung van sulke swakheid gekom het nie; en ons kan geredelik aanneem dat daar sommige was wat, terwille van „'n pot lentecop", nie geskreem het nie

„Om Trots en Weelde's altaar te begoer
Het wierook by die Muse-vlam ontsteek”.

(“To heap the shrine of Luxury and Pride
With incense kindled at the Muse's flame.”
- Gray.)

¹ DAVIS: A DAY IN OLD ROME - 112.

DIE SOENGEBRUIK ONDER MANS: (Carmina IX, XV.)

Wanneer ons lees hoe Catullus daarna uitsien om sy boesontvriend Veranius, na 'n lang afwesigheid, met hartstogtelike kugge terug te verwelkom; waar hy vertrys na die soengewoonte op straat tussen selfs feitlik onbekendes onderling, front ons stellig onwillekeurig oor so 'n verwyfde toegeneentheidsgebaar. Tog was dit 'n algemeen-aanvaarde hoflikheidsbotoon, die vrywel onophoudelike nakoming waarvan (op straat, byvoorbeeld, in drak voetgangerverkeer) nie min las en ergernis - verleentheid dikwels - tot gevolg gehad het. Nie eens die Keiser self was immuun van hierdie gebruik nie, hoewel dié voorreg beperk was tot die uitgelese kringe van persone wat bekend gestaan het as „Caesar se vriende“.

Al uitweg om sulke intieme kontak met Jan Rap en sy maat vry te spring was om van 'n draagbaar gebruik te maak wanneer jy jou op straat begewe; want die geringste swem van ergerlikheid oor dié groetwyse is as uiters onbeleef beskou.

BOODIE ERY: (Carmina XII, XXV, XXXIII, XLII)

Soos Catullus in etlike gedigte getuig, het mense veel las gehad van 'n tipe kleptomaniak wat gedurig op die loer gelê het om niksvermoedendes en agtelosiges kleinighoidjies te ontfutsel. Veral het maaltye, wanneer Bacchus se invloed begin geld het, en die openbare baddens - die mees gevilde ontspanningsoorde vir alle lae van die samelewing - gulde gelcentheid hiervoor gebied, teneer aangesien standslagbome hier tot groot mate opgehef is. Catullus self skyn nogal dikwels die slagoffer te gewees het van sulke diefstalle - te oordeel na die gevelgde wyse waarop hy dit in sy gedigte ophaal.

Die gemeenskapsplaag het ongetwyfeld tot groot mate in die overheid se „Panem Et Circenses“ - toegewing gewortel, wat swerm leeglopers en parasiete gespruit het. Die uitbuiting van verowerde gebiede het Rome in staat gestel om die lewe vir haar burgers besonder maklik te maak, en 'n horde bloedsuiers aan

die lewe te hou wat niks hoogenaamd tot haar voorspoed bygedra het nie.

GODSDIENS: (Carmina IV, V, VII, XIV, XXX, XL, LXXVI).

Die woord „godsdienst“ (d.v.s. diens van God, oftewel ’n god - al is dit dan nou ook selfs ’n afgod) is haas nie van toepassing op die geestesgestemdheid van die Romeine soos dit geopenbaar is in hulle rituele en pligteopligploginge nie. Veel eerder sou die woord „bygeloof“, of „religie“ (veral in sy oorspronklike betekenis: re + ligare = om weder syds te verbind) die algemene karakter van hul godsdienstige opvattinge en uitkyk tiperend voorgee.

Van monoteïsme was daar natuurlik geen sprake nie; en baie van die godhede was vir die Romeine sulke onpersoonlike en abstrakte begrippe, dat daar dikwels onsekurheid was omtrent hul geslag. „Wees tog gunstig gesind, O goddelike wese, sy u manlik of vroulik!“ was die gepaste aanhefformule vir menige ou gebedsformulier. Meer nog: selfs verpersoonlikte deugde het hul godheid-teenhangers gehad, aan wie verskole tempels in die stad gewy is. Tot sy logiese konsekwensie gevoer het die godheidsbegrip van die Romeine die veronderstelling moontlik gemaak dat elke handeling of proses van die menselêwe sy besondere „numen“ gehad het, wat aangeroep moes word om sodanige handeling te laat gedy.

Hierdie kil-onpersoonlike godhede het in ’n wettiese, eerder as teologiese, verband met die mens gestaan. Die verhouding tussen die individu en sy „numina“ was feitlik suiwer kontraktueel: soveel gebede en pligplogingsofferande word aangebied vir soveel goedgunstigheids, voorspoed en beskerming. „Do ut des“ (ek gee sodat u kan gee) was die kern van die Romeinse religie.

Om egter te veronderstel dat hierdie verbysterende religie-komplekse by ’n elk en ’n ieder ingeslaan het, sou misleidend wees. Dit sou heelwaarskynlik nie ver van die waarheid wees nie

om die stelling te maak dat die veelvuldigheid van godhede in direkte verhouding tot ongeletterdheid en onkunde gestaan het. By die opgevoede klasse was daar 'n vry algemene neiging tot ligsinne agnostisisme, wat hierdie religie gedoog het slegs as 'n bruikbare middel - vir politieke doeleindes dikwels - om die volksgees te beïnvloed en te rig. Sommige van die mees vooraanstaande Romeine, befaamde staatsmanne soos Sulla en Julius Caesar, was selfs onbeskaamde ateiëste.

Maar kom ons by bygeloof, is die prentjie heeltemal anders. Selfs die mees siniese ongelowige het die tirannie van bygeloof ten prooi geval. Dit is hier, en ook slegs hier, dat ons blyke vind van die uitwerking op menslike gedrag van vrees vir die gode. Dieselfde Sulla van flus, verklaarde ateiëste ten spyt, het 'n beeldjie van Apollo gedurig met hom saamgedra, wat hy van tyd tot tyd gesoen het, en tot wie hy hom in die gebed gewend het in oomblikke van govaar. Manno soos Cicero, Varro en Cato, met hulle filosofiese geleerdheid en al, het b.v. by geleentheid hewig ontsteld geraak oor 'n tweedehandse berig van 'n voorspelling deur 'n doodgewone roeier¹; en drome, soos vandag nog, het die verbeelding aangegryp van selfs die mees ver-stokte sinikus.

'n Heel besondere genre van gode was die sg. Lares en Penates, beskermgeeste van alle huishoudings. Geen woning was sonder hulle nie, en by alle sosiale geleenthede is daar met hulle rekening gehou. En hoewel die aanbidding van ook hierdie gode by baie bloot vormgodsdienst was, was dit erfgoed wat deur tradisie en met verloop van tyd deel geword het van die volkskarakter. Aan die hand hiervan kan ons dan die skynbare teenstrydigheid in Carmen IV verklaar, waar Catullus sy seilbootjie die kusgode laat repudieer, en tog feitlik in dieselfde asem eerbetoen aan Castor en Pollux - die 'Penates' - laat toekom.

Ons kan derhalwe aanneem dat Catullus se houding teenoor godediens van dieselfde toeskietlike sofisme was as dié van die meeste intellektuele van sy tyd. Maar dat ook hy hom nie kon losmaak van die houvas van bygeloof nie, blyk uit Carmina V

¹ FOWLER: SOCIAL LIFE AT ROME - 346

en VII, onder andere.

MORALITEIT:

Hoe moet die vuigheid van taal en obscene uitdrukkinge en vorwysinge, waaraan Catullus hom so onbeskaamd skuldig maak, verklaar word? Hoe rym dit dat suiwer en troebel water uit dieselfde fontein voortvloei?

In hoofsaak was dit die Romeinse leefwyse wat aan hierdie verskynsel ten grondslag gelê het. Daar was minder preutshoid, minder skaamtogevol en, gevolglik, 'n veel meer liberalistiese gesindheid ten opsigte van moraliteit aswat dit vandag by Westerse beskawings die geval is. Nudisme is byvoorbeeld vryelik by openbare swembaddens beoefon¹, waar beide geslagte so normaal en doodgewoon soos op enige ander terrein met mekaar omgegaan het. Weliswaar het dit sodeloosheid en bandeeloosheid in die hand gewerk; hoe kon dit ook anders? Watter digter van vandag sou die vermetelheid hê om 'n lofdig te skryf as erkentlikheidsgebaar teenoor een wat sy huis tot die digter se beskikking gestel het vir die pleeg van egbreuk - soos Catullus sy dank aan Allius² betuig vir dié se medewerking in so 'n verband?

Watter digter of skrywer van vandag sou hom dit kan aanmatig om sy gal uit te braak op enigeen van Jan Rap tot by die Eerste Minister - soos Catullus die voorwerpe van sy afkeer (Caesar³ inkluis) by name beswadder het - sonder om hom die een lastergeding na die ander op die hals te haal? En so kan ons, aan die hand van uitlatings in Catullus se gedigte, voorbeelde vermenigvuldig van onkieshede wat, gemeet by ons standarde van gepastheid en welvoeglikheid, niks minder as skokkend is nie.

Maar ons moet nie vergeet nie dat Catullus 'n volbloed heiden was in 'n tydperk en samelewing waar volslae paganisme hoogty govier het, en waar radikaal differente norme van deug en ondeug, fatsoenlikheid en onfatsoenlikheid, sedelikheid en onsedelikheid gegeld het aswat by ons die geval is.

¹ INGE: SOCIETY IN ROME - 235.

² CARMEN LXVIII^b.

³ " LYII. (OOK: LIX, CXI, CXII, CXIII)

Gelees teen hierdie agtergrond (en as ons dit in gedagte hou dat liefde en haat tweeling hartstogte is wat om die beurt, en in ooreenstemmende grade van intensiteit, jecns dieselfde persoon ontsteek kan word), integreer die suiwere en onsuivere in Catullus se gedigte tot 'n redelikgebalanseerde geheelindruk van onbotseelde gevoelsuiting.¹

OPSPANNING:

Samevattend bevind ons dan dat die lewe te Rome (die agtergrond van die oorgrote meerderheid van Catullus se gedigte), en in besonder dié van die kringe waarin Catullus beweeg het, 'n kaleidoskopiese tafereel gebied het waarop 'n meester van Catullus se kaliber - met sy skerpsinnigheid, waarnemingsvermoë en insig - skouspelagtig kon voortborduur. Rome, magtige heerser van die wêreld en naby die toppunt van haar imperialistiese glorie, het daarna gestreef om haar vorstelike status waardig te lewe. Veral is magvertoon en selfverheerliking aangewend as hefbooms om elewaarde te laat geld. Die kettingproses, waarneembaar by die opkoms, gedying en verbrokkeling van alle groot ryke in die geskiedenis, was hier alreeds in sy tweede fase: die deugdelike eienskappe van die stoere voorgeslagte (die „*pietas maiorum*"), eienskappe soos eenvoud van hart, boginselvastheid, getrouheid, onkreukbaarheid - fondamentstene waarop die Rykstruktuur gerus het - eienskappe wat deur die loutering van ontbering en beproewing aan glans gewen het soos 'n ploegskaar in klipperige grond, het begin vervaag in die roes van magbewustheid, en eerlang geswig voor die verleidelikhede wat die gerief en gemak en ledigheid van die veroveraar se skattobuit daargestel het.

Alreeds het fyn barsies - voorlopers van verbrokkeling - in die stadsmuur hul verskyning begin maak; alreeds is die skrif aan die muur duidelik waarneembaar in veral die hekeldigte van Catullus en in die satires van digters soos Horatius, Juvenalis en andere. Op meer as een terrein van die gemeenskapslewe, wat álmeer weggeskram het van die voorvaderlike patroon en oorgehol het na gekunsteldheid en ligsinigheid, het vervlakking, insinking

¹CARMEN XVI: 4-9.

en verval begin intree. In hierdie atmosfeer en teen hierdie agtergrond het Catullus gelewe en gedig; en dit is in hierdie perspektief dat ons die digter se werk moet betrag om reg te laat geskied aan ons vertolking daarvan.

CATULLUS SE LEWE, EN DIE EMPIRIESE AGTERGROND
TOT SY GEDIGTE.

Dit is ons hier nie te doen om 'n volledige lewenskets van Catullus op te stel nie; maar om slegs dié gesigspunte daarvan te betrag wat meer direk in verband met sy poësie staan, en wat daartoe kan bydra om 'n juiste vertolking van sy gedigte te bevorder.

Gaius Valerius Catullus (87 of 84 - 54 V.C.) was geboortig uit 'n bemiddelde en vooraanstaande Veronese familie. Voor sy twintigste jaar het hy na Rome gekom waar hy, danky 'n gulle toelaag van sy vader, saam met ander jong mans soos hyself geleef het: levenslustig en opgewek, sorgvry en, tot 'n mate, losbandig -

"Toe my jeug in volle blom vrye teuels aan sy lentolug gegee het, het ek liefdesavonture in oorvloed gehad" (LXVIII) - maar nietemin steeds toegewyd aan die studie van poësie en die ywerige beoefening daarvan.

Afgesien van sy jong digtersvriende het Catullus ook 'n mate van aansien geniet by individue van politieke en letterkundige formaat soos byv. Hortensius die redenaar, Calvus die redenaar en digter, Cinna die digter, Memmius, die beskermheer van Lucretius, een of meer van die Manlii Torquati, Asinius Pollio, Nepos, Bibaculus die satirist, Valerius Cato, 'n kritikus wat baie daartoe bygedra het om die letterkundige smaak van sy tyd ten gunste van die jonger groep te beïnvloed, en ook andere van naam. Dit was nogal merkwaardig hoedat te Rome, waar sosiale grense meesal met UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH en letterkundige klieke pynlik eksklusief was, Catullus vrylik en straffeloos oor alle ver-

sperrings heen beweeg het.

Dit wil voorkom dat Catullus in rodelik gerieflike omstandighede geleef het, nieteenstaande ons hom af en toe hoor kla. Daar is sprake van 'n huis in Rome, met 'n goed-toegeruste boekery, en landgoed op die grense van die Tiburtyse en Sabyne landstreke. Hy het ongetwyfeld baie arbeid bestee aan sy poësie; maar afgesien hiervan was die enigste skyn van 'n betrekking die pos wat hy in Memmius se gevolg bekleed het tydens laasgenoemde se propruatorskap in Bithinië. Sy pligte in hierdie hoedanigheid was egter nie van 'n veeleisende aard nie, en dit is duidelik dat hy geen finansiële voordeel daaruit gehaal het nie.

Die hoofinsidente in sy kort lewe van skaars dertig jaar, wat hul stempel op sy poësie afgedruk het, was sy ongelukkige liefdesavontuur met Lesbia, die ontydige dood van sy innig-beminde enigste broer, sy reis na Bithinië, en sy vyandigheid jeens Caesar en sy handlangers. Dié hoogtepunte in sy lewe vorm ook die bron van baie van sy beste digwerk; en almal behalwe die laaste skakel met mekaar.

Dit is natuurlik Catullus se tragiese hartstog terwille van Lesbia wat van die wêreld se skoonste liefdespoësie ontlok het - en ook van die mees weersinwekkende skeltaal ontketen het wat seker nog gebesig is. Die rol wat hierdie aangeleentheid in sy poësie speel, word weerspieël deur die feit dat ongeveer 'n dertig stuks van sy gedigte - meer as 'n kwart van die totaal - uit sy liefde en haat vir Lesbia ontspring het.

Catullus se besoek aan sy broer se graf in die vreemde val saam met sy verblyf in Bithinië as ondergeskikte van Memmius. Tewens, dit was dan ook die hoofdoel van sy reis na die buiteland: om die gebruikelike laaste begrafnisrites aan die asse van die ontslapene te volbring.

Dit is ná sy terugkeer na Rome uit die buiteland, en in die korte anderhalf jaar voor sy dood, dat hy in sy gedigte die meeste verwysings maak na tydgenootlike gebeurtenisse, en hy ons 'n kykie in sy bedrywighede vergun, wat ons ter gelegener

tyd wil ondersoek. Laat ons nou, as aanknopingspunt in ons opname van invloede en lewenservaringe wat Catullus tot digterlike gevoelsuiting gedring het, begin by dié gemoedsgesteldheid in Catullus wat sy digmusiek die suiwerste laat opklink - onvermeng met die onder- en bowetone van hartstog en intellektualisme.

LEWENSBLYHEID.

„Nou herstel die lente behaaglike soelheid, nou lê Sefier se strelende briesse die rumoer van die ewenagtelike uitspannel die swye op. Versaak die Frigiese velde, Catullus, en die vrugbare aarde van snikhete Nicaea; weg is ons na die befaamde stede van Asië. Nou, op die vooraand van vertrek, deurhulwer die swerfdrang my hele wese, nou word my uitgelate voete lewenskragtig van brandende verlange. Vaarwel, dierbare vriendekring van reisgenote, wat saam van jul vergeleë tuistes vertrek het, en wat nou afsonderlik en lange verakillende weë die terugreis aanvaar.” (Carmen XLVI)

So skryf Catullus met die onbedwingbare opgewondenheid van 'n moderne tienerjarige wat reikhalsend uitsien na sy eerste see- of lugreis. Op lange laas het die einde van sy diensteryn onder Memmius aangebreek, en staan hy op vertrek terug na Rome via sekere ‚befaamde‘ stede van Asië. Vir sy kollegas, wat hy hier vaarwel toeroep, was dit heelwaarskynlik 'n geval van 'n enkele oorweging: soos visse uit die water wou hulle Rome met so min tydverlies as moontlik bereik; die reis self het hulle stellig as 'n tydrowende onvermydelikheid aanvaar. Ongotwyfeld was Catullus ewe ongeduldig om Rome weer te bereik en hom weereens tot versadigings-toe te verlustig in die polsende lewensgety van die ‚urbs aeterna‘; maar hy het nie toegelaat dat die einddoel sy oë verblind en sy sintuis verstomp vir die aantreklikheid van bykomstighede nie. Rome was die hoofdis vir

Catullus die epikuris, maar met kennersvaardigheid en-oorlog kon hy die maksimum prikkeling vir sy eetlus uit elke voorge-reg haal. Asof hy hom intuïtief bewus was van die kortstondig-heid van sy lewensduur, was dit asof hy hom doelbewus daarop toegespits het om elke oomblik daarvan ten volle te benut.

„My uitgelate voete'..... Daardie selfde voete 10 al tweeduisend jaar roerloos in die kille graf gekluister; maar saam moë Catullus voel ons hoe die reisdrang in ons vaardig word, en gord ons in die gees ons lende aan as sy metgeselle op 'n toer duisend. 'n Enkele sinsnede - drie doodgewone woordjies - maar daarmee maak hy ons verbeelding gaande soos 'n dosyn reisbeskry-vinge dit nie kan doen nie. Catullus spreek eenvoudig uit die hart, en daarom voer hy ons mee, omdat hy aansluiting vind direk by ons hart, sonder dat die intellek kans het om die impuls te kondisioneer. Heer nog: meester van tegniek wat hy is, neem Catullus ons nie mee op reis nie; selfs die bekwaamste gaeheer kan nie altyd onderhoudend onthaal nie. Soos Tennyson kon ook hy getuig:

“I am a part of all that I have met;
Yet all experience is an arch wherthro'
Gleams that untravell'd world, whose margin fades
For ever and for ever when I move.”

Die romantiese aura wat onbereisde wêrelddele omsweef, wyk inner-voor ons gretige aantog; daarom bring Catullus ons net tot by die reënboogpoort, en laat die res aan ons verbeelding oor. Want hy wat 'n ander se verbeeldingskragte gemonster het, is die veldheer van sy siel. Die goddelike in die verbeelding word seker nêrens so treffend gestel nie as in Keats se 'Ode to a Grecian Urn':

“Heard melodies are sweet, but those unheard
Are sweeter; therefore, ye soft pipes, play on;
Not to the sensual ear, but, more endear'd,
Pipe to the spirit ditties of no tone.
O Attic shape!.....
Thou, silent form! dost tease us out of thought
As doth eternity.”

Werklikheid en verbeelding is so onassimileerbaar soos stof en okaduwee. Werklikheid is die ketting wat die gevange arend tolkenale na benede ruk wanneer hy sy vlugels sproei om na die hoogtes op te styg. Catullus boei ons aandag, maar laat ons verbeelding onbelemmerd.

Maar ook met herinneringe kan Catullus die verbeelding prikkel. (Carmen IV) En weer is sy meesterskap naer alre opvallend. Geen langasem-relaas van handelingre en voorvalle, sommige waarvan - soos gewoonlik in beskrywinge van dié aard - geen assosiasie-waarde vir die leser besit nie, of melding van plekke wat slegs vir die digter topografiese belang inhou nie. Nog meer: hy handhaaf nougesette vermyding van verwysing na persone. Homself hou hy sorgvuldig op die agtergrond; dit is immers die bootjie (nie die eienaar van die bootjie) se wederwaardighede waarop die leser vergas word.

In hierdie gediggie, dan, tekén hy vlugtig in breë, doelbewuste trekke 'n kleurryke lewenskets van 'n outydse jag. Die vermoede is dat hy dié vaartuig gekoop het vir die terugreis van Bithinië, terwyl sy metgesel, die digter Gaius Cinna, ag slave aangeskaf het om tuis as draagbaarbediendes gebruik te word, maar wat inmiddele as roeiers en matrose kon diene doen. Catullus, wat op die Garda-meer grootgeword het, het waarskynlik self as skipper (,erus') opgetree. Hulle het die somer deurgebring met rondvaar tussen die Egeïse eilande, en langs die kus af gevaar so ver as Rhodos, voordat hulle oorgesteek het, verby die Cyclades, na Athene. Oor die landengte van Korinthe sou dit nodig gewees het om die jag te laat trek. Daarvandaan is die seereis hervat deur die Golf van Korinthe, oor die Adriatiese see, en verder die Porivier op. Dit is twyfelagtig of 'n seevaardige jag langs die Hincio-rivier, en verby Mantua, tot in die Garda-meer op sleeptou geneem kon geword het. Maar hier weer sou landvervoer 'n praktiese oplossing gewees het.

Hierdie herinneringbelaaide tog was ongetwyfeld 'n hoogtepunt in Catullus se lewe; des te meer die versoeking

daaron om die teboekstelling in digvorm daarvan subjektief te kleur. Maar met 'n meesterset slaag hy skitterend in 'n tweërlei doel: die pittige oorsig van daardie gedenkwaardige reis word behendig geïnterpunkteer met oordeelkundige veruysings na plekke en reisomstandighede - prentehake vir 'n kunsgalery van herinneringsetse en -sketse vir hom, en van verbeeldingsverfstukke vir ons.

Dat dié gebeurtenis in Catullus se herinnering 'n besonderse plok beklee het, kan deur twee oorwegings aangevoer word: die feit dat hy hom genoop gevoel het om 'n gedig daaroor te skryf, en die subtiel maar onverdoeselde behae en trots oor eie prestasie wat ons tussen die volgende reëls lees:

„Sy sê dat sy haar baas oor hoeveel voeste waterwoë heen gevoer het sonder om enige geloftes hoegenaamd aan die kusgode te doen ál die tyd dat sy van die verste dieptes tot by hierdie helder meer gevaar het.”

Veral die stoutmoedige selfvertroue wat hom besiel het om sy onafhanklikheidshouding jeens skeepsvaartgode te regverdig met die bekwaamheid en vindingrykheid wat hy as verantwoordelike skipper met sulke skouspelagtige welslae aan die dag gelê het, was welig vir hom 'n bron van meer as heimlike vermeiding.

Maar, „geen lag sonder traan”; die gediggie eindig, gepas genoeg - soos sobere nabetrugting wat volg op die spoor van Jolyt - met 'n titteltjie heimwee:

„Maar die dinge van weleer; nou slyt sy haar ouderdomsjare in vredige afsondering.....”.

Is dit te vergesog om die lotgevalle van hierdie skilderagtige ou vaartuigie as sinnebeeldige voorstelling van die digter se eie lotswisselinge te vertolk? Die parallelisme is

só opvallend dat dit 'n baie aanloklike bespiegeling is.

„Sy sê dat sy destyds die vinnigste was van alle vaartuie, en dat daar geen houtromp te water gelaat is wat sy nie kon verbystreef nie. En dit sê sy, kan die kusstrook van die dreigende Adriatiese see nie weerspreek nie.....”.

Ook vir hom was daar 'n tyd toe hy met die voortvarendheid van sy blitsige tong sy man teen selfs 'n Caesar kon staan, en vir geen dreigemente van 'n stormgeteisterde politieke see teruggedeins het nie.

„Pontiese Amastris en boksbomryke Cytoris, sy sê dat sy vanaf haar heel vroegste oorsprong op jou kruin gestaan het, en in jou waters (vir die eerste keer) haar roeispane gedoop het.”

Ook hy het sy vormingsjare in die soortgelyke landelike omstreke van sy geliefde Garda-meer deurgebring.

„Sy sê dat sy van daar af haar baas oor hoeveel woeste waterweë heen gevoer het, of die wind nou van links of van regs 'n uitnodiging gebied het, en of Juppiter teen beide seile van agter aangeblaas het; en dat sy geen glofte hoegenaamd aan die kusgode gedoen het ál die tyd dat sy van die verste dieptes tot by hierdie helder meer gevaar het nie.”

Vervolgens het ook hy, steeds „the captain of his soul”, ondanks magtige deininge van 'n verbode liefde, en die swiepende siklone van 'n sielestryd te fel, in die oormoed van sy heethoofdigste jeug vir geen duivel gestuit nie, en selfs die gode getrotseer.

„Maar nou slyt sy haar ouderdomsjare in vredige afson-

dering, en wy sy haarself aan u, die Castor tweelinggode."

Maar so kon ook hy dit op die duur nie volhou nie, en het hy homself met 'n wydingsgebed aan die stryd onttrek. Op laas vir goed losgewikkel uit die dodelike greep van eie hartstog, kon hy die einde met kalme berusting afvag. Die onweerswolke van storn en drang het in die niet verdwyn.

Wanneer hy dié gediggie skryf, is ook hy in die goeie 'reconditus', en is ook sy eie ontroerende lewenservaringe „dinge van veleer“.

Geskrywe in volmaakte jambes ter herinnering aan daardie onvergeetlike en gelukkige seereis, is dit die enigste Latynse gedig wat die onderskeiding van 'n bestaande parodie verwerf het - uit die pen van niemand anders nie as sy so-te-sê buurman: Vergilius. Laasgenoemde het heelwaarskynlik rede gehad om die gedig in 'n besonderse verband te herken, want hy was 'n veertienjarige knaap toe Catullus se jag sy geboortedorp, Mantua, gepasseer het.

Eindelik, na swerftog en benouing, is Catullus weer tuis. Die „Sirmio“-juweeltjie¹ gee vir ons 'n gevoelvolle beskrywing soos min van tuiskoms ná 'n lang afwesigheid. Dit is 'n tuiskompsalm vir alle reisigers. Vir geen banneling of krygsgevangene in die vreemde kan uiteindelijke tuiskoms vroudevoller wees asvat Catullus dit ondervind nie. Soos 'n minnaar aan sy beminde fluister Catullus lieflingswoordjies - „Sirmio, ocella“; „o venusta Sirmio“ - aan sy geliefde Sirmio. Sy blydschap is oorstelpend; hy kan dit maar net nie glo dat hy op langelaas weer tuis is nie.

Maar met treffende retoriese tegniek onderbreek hy sy groetsang. Hy stel 'n vraag wat by wyse van kontras die louter genot van die oomblik vertiendubbel, en sy huidige omstandighede in die okerpste reliëf stel teen die agtergrond van gelede ontberinge - liggaamlik sowel as geestelik:

„Ag, wat tog is saliger as verbanne sorge, wanneer jou beswaarde gemoed van sy las onthef word, en, afgemat na swoege in die vreemde, jy jou vaderhuis bereik en jou op jou lang-ontboorde bed neervly? Dit is die één vergoeding wat meer as opweeg teen die bitterste ontberings.“

Geestesontberings, géselslae deur die noodlot ruimskoots aan hom uitgedeel, het Catullus se siel gestriem; Sirmio van die ‚balsem Gileads‘ om dié letsels te genees. Slegs te Sirmio kon hy die spooknaklanke van ‚miser Catulle‘ ontwyk, en hom as ’n ‚Catullus integer‘ verlustig in sy hervonne vryheid, en die jolyt-musiek van ‚quicquid est domi cachinnorum‘ alle wanklanke laat demp.

Die helder klank van louter levensvrougde wat in hierdie paar suiwer liriese gedigte van Catullus weerklink, getuig van ’n aanvoeling vir die genoeglike wat die lewe bied (materieel sowel as emosioneel en geestelik) en ’n levenslustigheid van gees wat ’n mens nie by die boekwurmtipe, die Stoïsyn of die afgetrokke filosoof sou gaan soek nie. Die verskeidenheid en aard van sy belange en van sy bronne van plesier veronderstel ’n mate van gemoedelikheid en ongekunsteldheid - seunagtige naïwiteit, byna - by die digter, wat nie alleen aansteeklik op die leser inwerk nie, maar wat ook, meer as ’n mudeak logika, getuig van die innige eg-menslike wat die digter se persoonlikheid omglans, en die opregtheid van gevoel wat spontaan opwel en dan soos ’n jubelende fonteinstroospie teen die helling van die Holikonberg afdartel om die sielevlakte van die leser te laaf en te verkwik.

Groot hoogtes in liriek - vergeleke met sy erotiese poësie - het Catullus nie bereik nie. Miskien was dit omdat, op daardie stadium van sy lewe - veral vanvoë sy jong - betrekkinge met mense eerder as dinge sy belangstelling opgeëis het. As gevolg van sy emosionele stuwinge, ongetemper deur die beheersdheid wat insig en selfkennis verleen, het daardie subtielo aanvoeling vir die skone en goddelike in die natuur vooraenog

nie kans gehad om in hom tot volle ontplooiing te kom nie. As digter was hy hom wel deeglik bewus van sulke skoonheid en goddelikheid; maar sy preokkupasie met mense en levensaangeleenthede was op hierdie tydstip in sy lewe oorheersend. Tog hou sy liriese pogings ryke belofte in van 'n digterlike gawe wat maar net sy tyd afwag om sigself ten volle te laat geld - 'n belofte wat, holaad deur 'n ontydige dood vernietig is.

VRIENDSKAP.

Inooverre die begrip van die woord ,vriendskap' uitgebrei kan word om alle skakerings van toegeneentheid jeens persone van dieselfde geslag te omsluit, kan ons van Catullus se gedigte die afleiding maak dat die aard van sy vriendskapsbetrekkings alles behalwe suiwer Platonies was. Ons het onmiskenbare bewys uit sommige van sy gedigte (Carmen XLVIII, byvoorbeeld) dat die homoseksuele sy van sy karakter by geleentheid baie sterk na vore getree het. En homoseksualiteit self was by Catullus van tweërlei aard: esteties (Carmen XLVIII) en sinlik (Carmen LVI).

Hoe moet so 'n ingewikkeldheid van die liefdesinstink in 'n persoon verklaar word?

As ons as uitgangspunt van ons navorsing 'n alledaagse, gemiddelde, normale persoon neem, vind ons dat instinkte en reaksies die normale patroon van menslike gedrag en prestasie volg. Hoe verder ons van hierdie middelpunt naspeur, hoe meer en hoe radikaler gedragsafwykings en prestasie-differensiasies kan ons verwag. Totdat ons die onder- en bopunte van die leer bereik, waar ons by swaksinniges en genieë uitkom.

Catullus was sonder twyfel 'n genie. Die blote feit dat hy 'n genie was, veronderstel reeds klaar 'n mate van afwyking van die organiese norm, van die normale persoonlikheidskompleks - 'n toestand van onewigtigheid dus, waaruit verdere ongebalanseerde hede kan ontstaan. Die ,abnormaliteit' (om dit so uit te druk) in Catullus, wat in hierdie verband vir ons van belang is in ons ondersoek na motivering vir die oënskynlik onversoenbaarheid in

sy vriendskapsverhoudinge, lê in die feit dat hy geweldig sterk eroties georiënteerd was. By hom het die skeidelyk tussen emosionele en sinlike waardering van skoonheid baie yl geloop; en in die hevigheid van sinlike drif kon die aantrekkingskrag blykbaar maklik oorslaan van een na die ander geslag. Wulps van aard was Catullus egter beslis nie; sy kunstenaarsiel het hom steeds govrywaar teen die gevaar van in 'n wellusteling te ontaard.

Die hartstogtelike liefde vir Juventius wat Catullus in Carmen XLVIII laat blyk, kan miskien verklaar word as 'n natuurlike voorganger tot sy liefde vir Lesbia. Die skugtere, onbedrewe jongeling van Verona sou seker aanvanklik 'n mate van aarseling in sy kontak met die skoner geslag ondervind het, en daarom meer vrymoedigheid teenoor sy eie geslag gevoel het. 'n Ander teorie is dat die verpletterende teleurstelling wat hy in sy liefde vir Lesbia gesmaak het, hom gedwing het om die sluimerende homoseksuele neigings in hom te bevry. Albei oplossings is aanneemlik.

Dieper as dit in ons ondersoek betreffende biologiese inwerking op Catullus se persoonlikheid hoof ons nie te delf nie. Ons hoef genoeg ontdek om hom te aanvaar as 'n hoogs emosionele, impulsiewe tipe wie se innerlike gewaarwordinge 'n sterk-individualistiese stempel op sy verhoudinge met persone afgedruk het.

Gesellig van geaardheid, en met 'n goed-ontwikkelde humorsin, was Catullus dié tipe wat behoefte sou hê aan 'n breë vriendekring om sy persoonlikheid tot volle ontplooiing te laat kom. En so 'n vriendekring het Catullus dan ook gehad. To oordeel na die strekking en verwysings van sekere gedigte, moes sy goestigheid en verfyning, asook sy letterkundige aanleg en kultuurele smaak, hom besonder gewild maak het in die kringe waarin hy beweeg het. Eén eienskap bied oortuigende bewys daarvan dat, sy gemoedsopbruisings en emosionele onstabilliteit ten spyte, hy 'n persoon van karakter moes gewees het: die egtheid en

opregthoed van sy lojaliteit teenoor vriende vir wie hy agting gehad het - en wat op hulle beurt hom reg bojsen het - was onwandelbaar en bo verdenking. En tog het hy nie geskroom om te verwyf en te betig waar hy onreëlmatighede of tekortkominge in ander se gedrag of houding jeens hom bespeur het nie. Geveinsdheid het Catullus se karakter nooit boklad of sy persoonlikheid ontsier nie - daarvan kon én vriend én vyand gevoelvol getuig.

Ons kan aanneem dat hy die persone wat hy in sy vriendskapsgedigte by name noem of aanspreek, onder sy intiemste vriende getel het. Hulle is verteenwoordigend blykbaar van vrywel alle fatsoenlike groepe van die samelewing. Ons is nie altyd seker van die identiteit van sommige van hierdie persone nie; in elk geval toon dit dat daar ewemin snobisme - veral intellektuele snobisme - as geveinsdheid in hom geskuil het. Weliswaar dui sekere tofloopse aanspreekvorms en geneenthedsopenbarings dat een of die ander vriend 'n besonderse plek in sy agting gehad het, maar toenoor almal was hy ewe hartlik.

Cornelius Nepos skyn 'n ereplek in Catullus se vriendskring te beklee het. Catullus doen hom die onderskeidingskompliment om sy 'digbundeltjie' aan hom op te dra, enersyds om sy erkentlikheid te betuig vir die waardering wat Nepos destyds vir Catullus se poëtiese eerste¹linge getoon het (en ook miskien vir bemoediging en raad in dié verband), en andersyds omdat hy 'n hoë dunk gehad het van Nepos se letterkundige oordeel vanweë die prestasie wat hy behaal het met sy geskiedkundige werk, die 'Chronica'.

'n Ander vriend met wie Catullus as digter baie gemeen gehad het, was Licinius Macer Calvus. Hoewel sy beroemdheid tot groot hoogte berus het op sy vernietigende (vir sy teenstanders) welsprekendheid, het hy ook aansien verwerf vir sy digwerke, punt-digte, brullofsgedigte, elegieë, en 'n gedig oor die rondswerwings van Io. Van die groep jong digters wat bekend gestaan het as die 'Poetae Novi' (onder wie Catullus self), was Calvus die lewenskragtigste en mees dinamiese gees. Boonop het hy soveel sukses as advokaat gehad, dat selfs Cicero bedenkinge begin koester het¹ omtrent sy eie voortreflikheid op hierdie terrein. Dit

sprek derhalve boekdele vir Catullus se opregtheid van hert dat hy geen swem van professionele jaloesie verrai het nie teenoor 'n tydgenoot wat hom seker, in die oë van meeste mense, in die skaduwee gestel het wat veelsydige begaafdheid betref. Inteendeel, luister hoe veel hy teenoor Calvus:

„As ek jou nie meer as my eie oë bemin het nie, my dierbaarste Calvus.....“

(Carmen XIV)

en ook voer:

„Gister het ek van jou af teruggekom glad koorsig met bewondering vir jou geestigheid en gevatte sê-goed, tot só 'n mate dat my eëlsus skoon weg was, en ek dié hele nag slapeloos rondgerol het - so vurig het ek daarna gesmag om weer met jou te verkeer en te gesels. Hierdie gediggie het ek nou aan jou geskryf, my liewe vriend..... moenie hoogmoedig wees nie, my oogappel....“

(Carmen L)

Voorwaar welsprekende getuigskrifte van die egtheid van sy vriendskap. En dit is dan ook die mooiste eienskap van Catullus se karakter: die warme gloed van sy vriendskap. En wat niksion meer as enigiets anders getuig van die ongeveindheid van sy gevoelens, is die behoefte aan vriendskap en sy afhanklikheid van vriende wat daar uit baie van sy gedigte spreek. Die onbaatsugtigheid van sy liefde vir vriende blyk daaruit dat hy, in oomblikke van louter vreugde sowel as in tye van die diepste droefheid, steeds sy bedagsaamheid aan ander getoon het, sy dankbare herinnering aan bewese vriendskap betuig het, en sy eie diepe behoefte aan meegevoel laat blyk het.

Hoewel Catullus baie puntenerig was wat letterkundige smaak en oordeel betref, was hy gulhartig in sy bewondering van

letterkundige voortbrengsels van gehalte in ander. So teken hy by wyse van kompliment 'n kontras tussen die verdoeming van 'n spoedige vergetelheid vir die ,Annale van Volusius', en die onstorflikheid wat hy vir die ,Zmyrna' van die digter Cinna verwag.¹

Ook met nie-letterkundige (sover ons weet) vriende het hy innige vriendskapsbande aangeknoop. Oor min van sy vriende skryf hy met meer hartlikheid as oor Veranius en Fabullus² - jong maats van wie hy die aangenaamste herinneringe het. Met 'n innigheid en eenvoud wat seker nie maklik geëwenaar kan word nie verwelkom hy Veranius met sy terugkeer van Spanje:

„Veranius, voortreflikste uit die hele driehonderdduisendtal van my vriende, het jy dan tog huis-toe gekom na jou eie haard en liefderike broers en bejaarde moeder? Ja werklik, jy het; o vrougdevolle tyding vir my!”

Uit die hart, uit die mond; Catullus kon nie sy gevoelens verberg of vermom nie.

Luim en skerts getuig daarvan hoe hy die lewe met sy vriende kon geniet, soos ons gewaar in sy voorwaardelike uitnodiging na ete aan Fabullus, en sy kantige verontwaardiging oor 'n mindervaardige digbundel wat Calvus hom as geskenk gestuur het.³

Catullus het sy lojaliteit teenoor sy vriende verder daarin bewys dat hy vir hulle in die bresse getree het waar hy gemeen het dat onreg teenoor hulle gepleeg is. Dan het sy verontwaardiging gewoonlik uiting gevind in 'n vlymende hekeldig, soos hy by uitstek die kuns verstaan het om dié genre te hantoeer. Hiervan het ons 'n voorbeeld in Carmina XXVIII en XLVII, waar hy Piso en dié se gunsteling-handlangers, Porcius en Socration met sy hendokasillabes te lyf gaan oor die skurwe behandeling van wat Veranius en Fabullus van hulle ontvang het.

Maar net soos hy sy vriende nooit in die steek gelaat het nie, het hy ook dieselfde van hulle verwag; en is sy fynbo-

¹CARMEN XCV.

² " IX, XII, XIII.

³ " XIV.

enaerde geaardheid meermale gekrenk deur blyko - hoe gering ookal - van vorflouende liefde, vervreemding, onnadenkendheid, vernarlosing. Dit kan wees dat hy hoër eise gestel het vir lojaliteit tussen vriende wedersyde aswat die meeste bereid was om na te kom. Dat hy nie min jaloes was nie (veral op individue van diocolfde geslag - Carmen XXI) is baie duidelik; en dit, gepaard met die liggeraaktheid wat 'n mens by so 'n persoonlikheid moet verwag, het miskien gemaak dat hy kwaad gemeen het te bespeur waar dit heeltemaal afwesig was, of nie so bedoel nie.

Maar die toon van ligte verwyf, teleurstelling en amper ploftende klag wat sulke geringe onbedagsaamheid van vriende aan hom ontlok, slaan egter oor na 'n gees van bittere gebelgdheid oor opsetlike kwaadwilligheid of troueloosheid wat hy van 'n vriend mag ondorvind het. Dan was hy onverbiddelik in sy veroordeling, en onvooroenlik in sy veragting.

In min van Catullus se poësie, egter, word die digterlikheid van negging en die afgrondelike diepte van gevoel goëvenaar wat ons aantref in sommige van sy elegieë. Twee juwelo wat bo alle ander uitstaan is ongetwyfeld sy vertroostingsgediggie aan Calvus met die afsterwe van Quintilia, en, veral, die elegie wat deur sy besoek aan sy broer se graf geïnspireer is. Hier het ons ontroering op sy aangrypendste. Die snikmusiek van die „Multas per gentes" wat wegsterf met die ewige vaarwel -

„Atque in perpetuum, frater, ave atque vale"

weerklink in woorde wat die hart laat smolt.

Geen digter van ouds het vir die nageslag so 'n lieflike versameling van aandenkings aan geniale omgang met vriende nagelaat, of sulke bewys gelewer van sy eie diepe afhanklikheid van vriendekapsgehegtheid nie. Geen digter maak soveel kwistige gebruik van liefdesuitdrukkinge, en van - veral - liefvallige vor-kleinwoordjies aswat Catullus besig wanneer hy beide aan en van sy vriende skryf, en van homself met betrekking tot hulle nie.

Getrouheid in vriendskap en toegeneentheid is vir Catullus amper 'n soort godsdiens, daarom beskou hy troubreuk en valsheid as die ergste misdade teen menslike eergevoel, maar as sonde teen die gode. Self maak hy aanspraak op 'n skoon gewete wat betref vriendskap en die morele verpligtinge daaraan verbonde, opgrond daarvan dat hy nooit skuldig was aan versuim in die bewys van vriendskap nie, en dat hy nooit sy gegewe woord of eed geskend het in sy omgang met mense nie (Carmen LXXVI).

LIEFDE.

In die annale van liefdesverhoudings is daar seker min so aangrypend soos dié tussen Catullus en Lesbia. 'n Verhaal van menslike handeling en verhoudings wat tragies eindig, is altyd aangrypend; maar dubbel - ja driedubbel - aangrypend is een wat tragies begin, tragies voortgesit en tragies voltooi word. En so 'n verhaal het ons van Catullus en Lesbia. Tragies het dit begin, omdat albei besef het dat dit nooit normaal kon gedy en verloop nie; tragies is dit voortgesit deurdat 'n onverenigbare verbinding tussen onwrikbare lojaliteit en wispelturigheid die adder van twyfel gekoester het; en tragies is dit volbring toe die getroue hart onder die ondraaglike vrag van oortuiging gebreek het.

Vir Catullus was dit 'n wrede noodlot wat hom en Lesbia bymekaar gebring het; alle nageslagte, egter, dank daardie selfde noodlot vir die verruklikskone gevoelsuitings wat onsterflikheid aan die prooi van daardie noodlot besorg het.

'Lesbia' was Catullus se skuilnaam vir 'n getroude dame - ene Clodia, suster van Cicero se vyand, P. Clodius Pulcher, en eggenote van die gesiene maar onbeduidende Q. Caecilius Metellus Celer. Soos die geval is met baie ander persoonlikhede in die Romeinse geeskiedenis, is Clodia aan ons bekend slegs deur haar vyande. Cicero verwys minagtend na haar as Cicerentaria¹, 'die goedkoop slet'. Catullus het die skuilnaam 'Lesbia' gebruik blykbaar as 'n aandenking aan die Lesbiaanse digteres, Sappho. Hy

25/.....

¹CICERO: PRO CAELIO. 62.

het een van haar odes verwerk en aan Clodia gestuur onder sy eerste minnobriewe.

Catullus was ses-en-twintig jaar oud toe hy Lesbia vir die eerste keer ontmoet het - blykbaar in die huis van sy vriend Allius - gedurende haar man se afwesigheid van Rome. In die twee gediggies LI en LXVIIIa gee Catullus sy eerste indrukke van haar, en die uitwerking wat sy op hom gehad het:

"Hy skyn vir my 'n god gelyk te wees..... wat teenoor jou sit en herhaaldelik na jou kyk en jou heldersoete lag verneem."

Haar uitwerking op hom is eenvoudig vorbysterend-hipnoties:

"Soiets beroof my, arme drommel, van al my sintuie; want sodra ek jou aankyk, verstom my spraak, my tong slaen vas, 'n vorterende vuur vloei langs my ledemate af, daar is 'n innerlike gedruis in my ore, my oë word versluier met dubbelnagtelike donker."

In nog 'n ander gediggie (Carmen LXXXVI) skilder Catullus Lesbia soos volg:

"Lesbia is beeldskoon; nie alleen besit sy die monopolie van skoonheid nie, maar sy alleen het alle ander skoonhede hul skoonheid ontnem."

✓ In die eerste instansie, dus, was dit Lesbia se uiterlike skoonheid wat vir Catullus betower het. Niekien daarom het hy uit die staanspoor reeds sy lot besef, maar in die drif van die oomblik, en in sy blinde hartstog het hy dit verontagsaam.

Te oordeel na die trant van sy eerste liefdesgedigte, was daar nie juis sprake van ontluikende liefde nie; dit was eene-

* klaps sommer in volle blom, amper nog voor dit kon wortel skiet. En van sy mooiste en mees beroemde minnedigte het hy dan ook aan die begin van sy ongeluk-bestemde romanse gekryf. Talryke pogings is al aangewend (met min of geen sukses) om die wonderskoonheid van die oorspronklike in vertalings weer te gee - 'n pluimpio soos min vir die onweerstaanbare bekoring wat Catullus se liefdespoësie op die verbeelding uitoefen.

* Catullus se versotheid op Lesbia het hom tot in dieptes van sy wese ontroer. 'n Ruklank was dit alleoorheersend. Hy gee homself totaal oor aan die louter geluk wat hy in sy nuutgevonde liefde maak. Catullus moet dan ook altyd by voorkeur onthou word vir die hartstogtelike gedigte van sy liefde se eerste drome toe Lesbia sy liefde beantwoord het. Hierdie liefde van Catullus, terselfdertyd hartstogtelik en toer, was sonder twyfel hartgrondelik. Dit is ongekleur deur enige invloede van letterkundige oorwegings. Dit kom direk uit die hart en vind uiting in taal wat ons onweerstaanbaar meevoer.

En tog, al was die hewigheid van sy gemoedsontroering meer in die aard van versotheid as verliefdheid, was sy gevoel vir Lesbia suiwer en oprog - esteties amper, eerder as sinlik. In Carmen LXXII herinner Catullus Lesbia aan die eerste tydperk van hul liefde, en maak hy die volgende opmerking omtrent die aard van sy liefde destyds:

„Ek het jou toe bemin, nie soos die laer klas 'n minnares nie, maar soos 'n vader sy seuns en skooneuns.“

En, soos ons vir Catullus ken, het hy bedoel wat hê gesê het; daarom was sy eerste liefde, ten spyte van die vloedgeweld daarvan, edel en rein.

Vir omtrent vier jaar (62 - 59 V.C.) was sy liefde vir Lesbia Catullus se einddoel in die lewe. Dit was heelwaarskynlik in 59 V.C. dat Catullus tyding ontvang het van sy broer se dood naby Troje in Asië. Hy het sy broer innig liefgemaak, en sy diepe

droefheid het op daardie tydstip ten dele as teenvoeter vir sy liefde vir Lesbia ontwikkel. Daarby het gekom dat sy ouers hom nodig gehad het, en hy het toe huis-toe gegaan na Verona.

Dit was min of meer daardie tyd dat Catullus begin agterdogtig raak het omtrent Lesbia se gedrag. Gedurende sy afwesigheid van Rome het hy heelwat briewe van vertroosting van vriende ontvang, en takvolle aanbevelings is gedoen dat hy sy gedagtes met skryfwerk moet probeer aflei. Ook Manlius, wat nie bewus was van die rede van sy afwesigheid nie, het aan Catullus gekryf en hom om verse gevra.¹ Manlius was ongelukkig (moontlik het hy sy vrou verloor - ter ere van wie Catullus destyds 'n brullofslied gedig het),² en het Catullus versoek om 'n Griekse liefdesgedig vir hom te verklaar. En toe voeg hy by - wat blykbaar die hoofdoel van sy skrywe was - dat hy dit gerade ag dat Catullus na Rome terugkeer, aangesien Clodia besig was om die lewe met ander minnaars te geniet. Hy het blykbaar op Caelius Rufus gedoel, hoewel Catullus op daardie tydstip nie bewus was van wie sy mededinger was nie. Clodia se man was nou dood, en sy het haar vryheid blykbaar ten volle benut by die luukse vakansie-oord te Baiæ, digby Naples.

Met sy terugkeer na Rome het daar dan toe vir Catullus 'n tydperk aangebreek van wantroue, ontnugtering, hopelose verlangte, pynlike weifeling, en uiteindelijke uitbarstings van haat. Hy het begin deur Clodia dit te verwyf dat sy die huweliksbelofte, wat sy hom uitdruklik gemaak het, gebreek het. Hy het blykbaar nie besef dat hy alle begrip van werklikhede kwyt was nie. Clodia was ouer as hy, en hy as jong digter het nie 'n pos beklee of 'n loopbaan in die vooruitsig gehad waarmee 'n vrou van Clodia se kaliber genoeg sou neem nie.

Nou het daar gevolg 'n aaneenstrengeling van insidente en situasies wat geeneen vir Catullus onvermengde vreugde ingehou het nie. Vervreemding en versoening het mekaar om die beurt opgevolg - 'n afwisselende patroon, en tog eenselvig in sy herhaling. Ook Catullus moes leer dat niks in die lewe so bestendig is as onbestendigheid nie, en dat Clodia se wispelturige gedrag 'n voor-

¹CARMEN LXVIII^a

²CARMEN LXI.

uithorokenbare patroon gevolg het.

Soos in sy eerste gedigte van liefdesaanbidding - tevens, soos in vrywel al sy gedigte wat van persoonlike ervaring spreek - ontbloeit hy vir ons ook hier sy hart met al sy rou-rou wonde van vrotende onsekerheid en vertwyfling. Voordat die wond van 'n vorige teleurstellingskok kans gehad het om te genees, laat 'n volgende kneusslag dit nog erger as tevore bloei. Wat ookal die oorsaak van Catullus se dood, 'n mens wonder soms of dit nie verhaas sou geword het nie as hy die vermoë moes ontbeer het om sy bewaarde gemoed met digwerk te verlig, om 'n okreinende hart sy skone tranen in poësie te laat uitstort. Vir 'n hipersensitiewe gees soos syne sou dit eenvoudig 'n saak van onmoontlikheid gewees het om deur smart en lyding soos syne gefolter te word sonder om daaraan digterlike uiting te kon gee; tranen is olegs die oorloopkabbolinge van 'n dam van sielewee, soos Catullus dit ondervind het by die graf van sy broer; dis die sluise van selfuitdrukking wat oopgetrek moet word as die vloedwaters van oorweldigende bo-proewing die wal van levensmoed bedreig. Wie anders as Catullus self, dalk, kon Shakespeare in gedagte gehad het toe hy vir Malcolm aan Macduff dié aanmaning laat toevoeg (nadat laasgenoemde so pas vernoem het dat ál sy afhanklikes - vrou, kinders, bediendes - deur Macbeth uitgemeor is):

"Give sorrow words: the grief that does not speak
Whispers the o'er-fraught heart and bids it break."

× Catullus se 'droefheid-oerlaaide' hart het hom na poësie gedryf. Ons, wat die aandoenlike tafereel van sy romanse met Lesbia deur al sy fases in sy gedigte volg, aanvaar Catullus se noodlotshagtyding as 'n verkapte seën. Hoe, anders, sou sulke gevoeluiting, in sulke onvergelyklike diksie, sy hart kon ontsping het? Hoe anders sou die lieflike blommegour van gewonde liefde ons bereik het, was dit nie vir die

„Flos praeter eunto tactus aratro“¹

Ons woon met die digter, maar ons is dankbaar dat daar 'n oorzaak vir sulke tranes was. „Odi et amo“ - „ek haat en min“: 'n hart teen homself verdeel, onherstelbaar oopgekloof deur die skok-skaar van wrede ontnugtering. „Waarom..... weet ek nie; nietemin is ek maar te pynlik bewus daarvan, en dit is vir my 'n marteling.“ Juis omdat hy nie weet nie, kan hy hom ook nie soos sit nie; en, passief soos moedersaarte, wat stil-berustend haar boesom ontbloot vir die hartverskeurende deurtog van die landman se ploeg, moet ook hy gelate die verbroekelingswerk van die nood-lotsploeg aanvaar. Maar wanneer die wanhoopsaad in die gapende wonde gelê is, en met die tranedou van vertwyflingsnagte benat is - siedaar 'n pragoes wonderskoon!

„Odi et amo“². In dié drie woorde is opgesluit die hele tragiese verloop van die verwyderingsproses wat die finale broek voorafgegaan het. Uit die trant van sy gedigte wat hierdie fase weerspieël, kan ons aflei dat sy skerpsinnigheid hom reeds vroeg moes gewaarsku het dat hy besig was om 'n hopelose stryd te voer om die behoud van Lesbia se liefde. Maar hy kan homself net nie help nie; oor 'n tydperk van drie-vier jaar het hy 'n verhouding opgebou wat met sy hele wese deurweef was. Nou is dit soos die losmaak-proses die pynlik-moeisame metode van draadjie vir draadjie ontrafol verg.

„Difficile est longum subito deponere amorem.“³

Presies hoe moeilik dit vir Catullus was om 'n lang-gekoesterde liefde af te werp, kan ons maar net gis. Die gedigte vertel ons van minnetwiste en versoenings, toeskietlikheid aan Lesbia se swakhede, die selfvernedering van beroepe te doen op medeminnaars, liefdesvoorwyte wat eers halfskertsend gedoen word, en dan geloidelik in pates toeneem, en die liefdesobsessie wat hom gevange hou in

30/.....

1 CARMEN XI.
2 " LXXXV.
3 " LXXVI.

weerwil van my beterwete.

„Die vrou wat ek benin sò dat sy niemand bo my ver-
kies as eggenoot nie, selfs nie as Jupiter self haar die hof
sou maak nie. So gê sy; maar wat 'n vrou aan haar vurige min-
naar sò, moet op die wiko van die wind en in waterstrome ge-
skryf word.“ (Carmen LXX.)

„Nou ken ek jou; daarom, alhoewel die liefdevuur in
my hevigter opvlam, daal jy álmoer in my estimasie. Jy vra hoe
dit kan woor? Omdat leed van hierdie aard 'n minnaar dring tot
vermoordoring van liefde, maar vermindering van agting.“¹

Hierdie twee ontboeseninkies van Catullus toon duid-
lik hoe die kloof van verwydering tussen hom en Lesbia besig was
om ál vyor te gaap; weldra sou die ankertoue van wedersydse be-
hoefte nie langer die liefdespanbrug kon dra nie, en sou gemeen-
skaplike verkeer met mekaar finaal beëindig word. Op hierdie
stadium het Catullus Lesbia soos 'n boek gelies; hy kon homself
netnie sover bring om die boek vóór die pynlike slothoofstuk te
sluit nie. In die speurverhaal van sy liefdeslewe het hy lank
reeds besluit wie die moordenares was; maar wensdenkery het hom
laat voortloes in die naíewe hoop dat, wonder bo wonder, dit op
die end sou blyk dat hy dit tóg al die tyd mis gehad het.

Hy het geweet, maar hy kon nie glo nie. Dit was die
tragiese in Catullus se liefdesverhaal. Lesbia het geweet hy
weet, on haar onbeskaamde bes gedoen om hom boonop te dwing om
te glo. Dit was die verwerplike in haar liefdesverhaal.

Slaafse aanbidding het hom aanvanklik in staat gestel
om Lesbia haar af-en-too ontrouhede te vergewe; en as hy dan nie
haar enigste minnaar kon wees nie, het hy vertrou dat sy tenmin-
ste voorkeur aan hom sou gee:

„Aangesien sy nie tevrede is met Catullus alleen nie,
sal ek my koningin die paar ou terluikheidjies ^snie/teereken nie,

¹ CARMEN LXXII.

om haar beskroomdheidontwil.¹"

Speedig, egter, moes hy ontdek dat ook dié voorreg hom ontoes was. Haar weduweenskap, na haar man haar in 59 V.C. ontval het, het alle beperkings op die bevrediging van haar begeertes en drange opgehef. Caelius Rufus, eertydse vriend van Catullus, was een van die eerste wat sy as medeminnaar van Catullus in haar huis verwelkom het.

Haar onbeskaamde ontroupleginge het Catullus eindelik uit sy liefdebeswyming wakker geskud. Só kon dit nie onbopaald voortduur nie. Haar versoetheid Catullus aanvanklik vir alle ander oorsogings verblind het, het edeler karaktereienskappe hul mettertyd laat geld. Almeer het hy tot die boses gekom dat die eertydse betowerende musiek van 'te dulce ridontem' die sironesang was wat hom sy liefdebootjie op die verraderlike rotsrif van liefdebedrog te pletter laat loop het.

Die heilige tweestryd - 'odi et amo' wat in sy binneste gevoel het na bewuswording van Lesbia se dubbelhartigheid, was 'n kenmerk van hierdie fase van twyfel en wifel, en het 'n veelseggende bloedspeer gelaat op die weg wat hy moes bewandel na algehele versaking. Etlieke self-ontledende, selfvermanende, selfverwytende godigte is vir ons soveel mylatene lango daardie weg, waar hy gaan sit het om sy posisie in oënskou te neem, en met homself kajuitraad te hou. Dit is tipies van die omstandigheid waarin 'n persoon met 'n verskriklike dilemma worstel, en hardop dink om met die lewenswerklike klank van sy eie stem die spoke van verwarrende gedagtes te verdryf.

"Catullus, armcaligo: ag nee wat kêrel, los 'n slag jou bogtery....."

(Carmen VIII)

"Catullus ou kêrel, ledigheid is jou doodsteek: ledig-

32/.....

heid is die oorsaak dat jou gevoelens jou ophol ja en jy jouself
sodoende uitbrand." (Carmon Lia).

So gaan Catullus met homself te rade om sy moraal op
te knap. Dit is die taal van iemand wat homself moed inpraat
as sy pad hom in die nag verby 'n kerkhof lei. En tog 'n onder-
stroom van diepgaande patos wanneer ons besef dat dit slegs ge-
maakte manhaftigheid is om die wanhoopskreet in sy binneste te
smoor.

En so breek dan eindelijk, on vir Catullus genadiglik,
die uur aan dat hy en Lesbia op die kruispad staan, en hy vir
goed sy rug op haar keer. Dis nie meer die ou Catullus wat haar
nou vir die laaste keer groet nie. Dis selfs nie 'n verlaag Ca-
tullus wat haar met betreunde oë agternastaar nie. Die pries
van verbittering het sy siel geraak en sy hart gestaal vir hier-
die vuurproef. In sommige van sy vriendskaps-betrekkinge het
Catullus bewys daarvan gelewer dat hy van vriendskap of liefde
kon oorgaan tot 'n toestand van blywende vyandskap en haat, wan-
neer hy bevind het dat dié aan wie hy sy vertroude geskenk het,
vals teenoor hom gehandel het. Lesbia was wel 'n besonderse ge-
val; maar nadat Catullus homself tot die punt van verwerping
van haar geveinsde liefde gebring het, was hy onwrikbaar in sy
bedlistheid. Waar sy hom eers gelei het met haar liefde, agter-
volg hy haar nou met sy haat.

Veral twee gedigte is insiggewend in hierdie verband:

Carmen LXXVI is klaarblyklik gedig kort nadat Catul-
lus die grens oorgesteek het. Van ál sy gedigte is dit seker
die diepste-ontroerend. Dit is die smeekgebed van 'n vereensam-
de in die Gothsemene van sy lyding, vir wie, in die donker nag van
beproeving, die daernaad maar nie wil breek nie, wat in die af-
grondelike dryfoand van geestesverbystering versink.

Hoeveel sy liefde vir Lesbia vir hom beteken het, het
hy ten volle besef eers nadat hy met haar gebreek het, en toe hy
hierdie gebedgedig geskryf het.

Carmen XI toon Catullus oplaas met volkome herstelde selfbeheersing. Die gode het sy gebed verhoor en hom volkome bevryding van Lesbia se sinistere betowering goskenk. Daarom kon hy, toe Lesbia 'n laaste beroep op hom maak om 'n versoening, haar sonder 'n sweem van aandoening die rug keer. Wat merkwaardig is omtrent hierdie gedig is dat Catullus hier weer terugkeer na die veramaat waarin hy die eerste keer aan haar geskryf het, en wat om dié rede verheve assosiasies ingehou het. Die woord 'identidem', wat hy in sy eerste gedig aan haar (Carmen LI) op sulke komplimentêre wyse gebruik het, besig hy hier opsetlik in 'n walglike verband. Verder weier hy om haar by haar naam aan te spreek - dit is vir hom anathema.

Tewens, hierdie doelbewuste weerhouding pas hy konsekwent toe in al sy gedigte waarin hy haar verwerp. In duideliker taal kon hy dit nie aan haar tuisbring dat sy sy lewenslig nooit weer sou verdonker nie. Dit is die grafskrif van sy liefde vir Lesbia.

VARIA.

Die korter gedigte en geleentheidsgedigte van Catullus weeraploëel 'n wye belangstelling by die digter, en dien ook uitmuntend as karakter-openbarend. Daar bestaan amper nie 'n nuance van menelike orvaring en gevoel wat nie op treffende wyse in die een of ander gedig vertolk word nie.

As jeugdige bewonderaar van Lesbia het hy, in die glans en lughartigheid van die kring waarin sy beweeg het, voldoende geleentheid gehad om vrye teuels te gee aan sy skitterende talent van spitsvondigheid en digvernuf. Voordat die dolk van liefdesleed sy hart deurboor het, was hy van nature uitermate opgevoel on sorgvry. Van pure speelse lewenslustigheid het hy sy vriende met beentrok en goedige skerts vermet, of 'n puntdig afgerite - soms met 'n onkiesheid van segging wat die vermoede versterk dat die verfyndheid van hierdie deftige kring betreklik nuutverwerf

en maar bra oppervlakkig was - om een of ander karakterleemte of -swakheid van iemand aan die kaak te stel.

Maar, soos in al sy gedigte - veral sy gedigte oor vriendskap - handhaaf hy 'n duidelike skeidslyn tussen wat hy as deugdelik of ondeugdelik aanvoel. Daar is vir hom nie 'n midde-weg nie, geen oogluikende toegeeflikheid ten opsigte van karaktergebreke by selfs sy beste vriende nie. Nie altyd is hy ewe hewig in sy vordoesing van wat hy as afkeurenswaardig in mense beskou nie - dit hang af van die aard en omstandighede van die vergryp. Soms lug hy sy teleurstelling of misnoeë met 'n skaars-hoorbare fluistering van verwyf; soms skel hy met 'n hevigheid wat skrikwekkend is - maar altyd laat hy sy stem hoor. En as daar miskien één ondeug is wat sy hele wese in opstand bring, dan is dit troueloosheid van 'n vriend - veral as so 'n vriend 'n medeminnaar geword het.

In so 'n geval was sy geliefkoosde metode om een of ander karakterswakheid of persoonlikheidsgebrek of voorkomseienaardigheid te neem en dit tot karikatuuragtige verhouding te verwerking. In hierdie hekeltegniek was hy 'n meester - asook, natuurlik, met die ewe-verwoestende aanvalswapen: sinspeling - en wees die onbesonnene wat homself „hals-oor-kop in sy jambes vasloop"! Selfs 'n Caesar het rede gehad om hulle te vrees - watter duideliker bewys wil ons hê van die gesegde: „die pen is magtiger as die swaard"? Die wet teen lasterskrif moes bepaald ondoeltreffend gewees het, want Catullus het soms dinge kwytgeraak in taal wat ewe skokkend as walglik is. Waar hy verkies om deur insinuasie te brandmerk, slaag hy myns insiens veel beter. Waarom dan nie hierdie wapen by voorkeur - selfs tot uitsluiting van vieslike beswadding - gebruik nie? Die rede hiervoor kan miskien gesoek word in die nie onaanneemlike veronderstelling dat, wanneer Catullus persoonlik te na gekom is, of wanneer hy tot in sy siel gekrenk is deur 'n ander se optrede, hy direk uit die hart gereageer het, soos een wat in die gesig geklap word en feitlik werktuiglik terugklap - nie ná rype oorweging, en met voorbedagte rade, 'n maand of wat later gif in sy koe gaan sit nie. Catullus was 'n

gevoelsmens, en daarom liggeraak; en waar hy persoonlik in die gedrang gekom het, was sy reaksies oombliklik, skerp, driftig en basies primitief. Catullus kon geen digtersgenot daaruit geput het om sulke komposisies te maak nie.

Maar waar sy valke-oog òrens 'n niksvermoedende kuiken van karakterswakheid by iemand bespied het, het hy met fynberekende aanvalstaktiek toegeskiet. Daar was geen ontlooming of retaliasie moontlik nie, omdat hy die monopolie van aanvalswapens gehad het. Die uitslag van sulke skermutselinge was altyd dieselfde: die slagoffer is minus sy vere as 'n voorwerp van universele bespotting geparadeer.

Nog 'n geliefkoosde, en baie subtiële, spotmetode van Catullus was om sy hekeldig die vorm te laat aanneem van 'n vermeende gesprek met 'n goeie vriend. Die onderwerp van die gesprek is dan 'n lagwekkende of bespotlike of andersins afkeurenswaardige eienskap in een of ander persoon - gewoonlik een met wie Catullus nie by een vuurtjie gesit het nie. Die angel van suggestie lê hierin dat Catullus op daardie wyse wil te kenne gee dat die persoon oor wie hy skryf óf dit nie werd is dat hy hom pertinent aanspreek nie - soos hy feitlik sonder uitsondering in die geval van sy persoonlike vyande doen - óf dat hy verstandelik te yl beedeeld is om die strekking van die skotskrif te begryp. Op die manier gee Catullus hom dan 'n bykomstige, maar ewe gevoelige, raps.

„Daardie vent Suffenus, Varus, wat jy baie goed ken...”¹

en dan gaan Catullus voort om ter inligting aan Varus in die besonder, en die hele samelewing in die algemeen, een of ander eienskap of daad van 'daardie vent' belaglik te maak.

En aan eienskappe by die Romeinse samelewing waaraan Catullus 'n hekel gehad het, het dit voorwaar nie ontbreek nie - te oordeel na die verhouding van punt- en hekeldigte tot die res van Catullus se poësie. 'n Vluchtige samevatting bring die volgende aan die lig:-

36/.....

¹ CARMEN XXII.

Aanstellerigheid (LXXXIV), bedelary (XLI), bogdiwery (XII, XXV, XLII), botheid (XVII), eiedunk (XXII), geveinsde vriendskap (XLIV), grootdoenerigheid (CXIV), heiligs kennis (LIX), immoraliteit (LVII, CXII, CXIII), loobandigheid en ontug (XI, LVIII), onkuisheid (CXI), onsindelikheid (XCVII, LXIX), parasitisme (XXIX), praatsiekte (XCVIII), vrekkerigheid (CXV). Voorwaar 'n indrukwekkende lys!

Met ewe gemak kon Catullus sy digterstalent inspan om homself beminlik te maak met goedge skerts, soos waar hy, in VI, verliefdheid by Flavuis agtergekom het, en hom nou tergend uitvra na die nooiëntjie se naam.

Naar ook homself kon hy lekker laat deurloop (soos in X, waar hy vertel watter verleentheid 'n strikvraag hom besorg het), wat sy grootmoedigheid van gees bewys. En weer in XIII, waar hy'n vransaansê om sy eie maaltyd (en genoeg vir Catullus self ook!) saam te bring as hy by hom kom eet - seker net om party hoë lui te skok wat hul aansien met luukse feesmale geadverteer het.

Die geleentheidsgediggies oor Lesbia se mossie bevat miskien 'n mate van gekunsteldheid - veral die tweede, waarin mitologiese belesenheid op die voorgrond tree - maar hierteen weeg op die egtheid van gevoel wat spreek uit sy bewering van vergange skoonheid.

As ons Catullus se huweliksgedigte ondersoek, verwag ons nie om veel blyke van persoonlike gevoel te kry nie, omdat hulle geleentheidsgedigte is, opgedra aan persone. Dit is dan ook die geval; tog vind ons (en veral in die Septimius en Acme gedig) dat Catullus wel bedeed was met die simpatie van die skeppor wat kan reik tot selfs buitekant sy eie ondervinding. Ons vind ook in sy huweliksgedigte talryke gedeeltes van liriese skoonheid vol van delikate gevoel en die frisheid van kleur. In idealistiese vorm gee dit uitdrukking aan die opregte gevoelsindrukke op 'n gees ontvanklik vir die skoonheid van dinge, en weerspieël dit die talentvolheid van 'n ware kunstenaar.

SAMEVATTINGE.

In die geleedere van die klassieke minnedigters troon Catullus ongetwyfeld uit as die ,apostel van liefde.' Dit is dan ook ongetwyfeld op die roem van sy liefdespoësie dat sy aanspraak op onsterflikheid berus. Op die besondere terrein waar hy uitgemunt het - elegiese en liriese gediggies - was hy sonder gelyke.

Dit is egter nie soseer Catullus die begaafde digter - die ,doctus poeta' - wat die diepste indruk op ons maak en homself as gunsteling-digter by sy dissipels en bewonderaars aanbeveel nie. Veel eerder is dit Catullus die mens wat sy hart aan ons ontbloom en ons nooi om die lewe in al sy skakeringe te betrag, alles wat dit aanbied te beproef en, soos hy, die goeie te behou.

Catullus, soos die merendeel van sy gedigte so welsprekend getuig, was in sy wese gevoelsmens. Impulsief - opvlieënd soms, ja - maar met geen kwaad in sy hart, geen lis, geen geveinsdheid om sy persoonlikheid te skend nie, het hy baie hegte vriendskapsbande aangeknoop, en was hyself die trouste van vriende.

Maar juist omdat hy 'n mens was in wie daar geen bedrog was nie, kon hy homself eenvoudig nie daartoe bring om karakterleemtes in ander te vergoelik nie. Soos vir Keats, was skoonheid en waarheid vir hom sinoniem. Valsheid in die binneste kan nie skoonheid na buite uitstraal nie; geen oog kon gouer as syne skoonheidsvertroebeling raaksien en geen intuïsie gouer as syne die valsheid daaragter bepaal nie.

Ons kan ons die gewaarwordinge in die binneste van die Veronense jongeling voorstel toe hy die eerste maal na Rome gekom en gesien het wat dié wêreldstad hom aan te bied het. Saam met 'n Tennyson se ,Ulysses' sou ook hy stellig uitgeroep het:

"..... I will drink
Life to the lees."

Het 'n byna roekelose oorgawe het hy homself in die sosiale neo gewerp. Sy gedigte is sy dagboek van sy doen en late en lewenservarings. En ons kan geen gotrouer dagboek van iemand se lewe verlang nie. Hy het niks om weg te steek nie - niks van homself soos hy is nie, en nog minder van sy gevoelens teenoor ander.

En hy het die lewensbeker tot die droesem geledig. Maar asof hy hom bewus was van die korte duur van sy aardse bestaan, vou hy nie die beker van sy lippe wegneem nie. In volle teue het hy aanhou drink, selfs toe die eerste tekens van droesem sy lewenswyn begin vertroebel het. Diepe waters het vir hom gewag - waters tot aan die lippe - en hy moes diep drink. Toe sy lewensom nog nie sy hoogste punt bereik het nie, het dit vir Catullus ondergegaan.

Was sy lewe goed of sleg? Ons pleit die antwoord skuldig, en wend ons eerder in die gees na die laaste rusplek van die digter om hom dié grafskrif aan te bied:

"One glorious hour of crowded life
Is worth an age without a name."

B I B L I O G R A F I E.

- ABBOT, V.F. Society and Politics in Ancient Rome. (New York, Charles Scribner's Sons, 1909).
- DAVIS, W.S. A Day in Old Rome (Allyn and Bacon, 1926).
- DUFF, J.W. A Literary History of Rome (London and Leipzig, T. Fisher Unwin, 1909).
- FOULER, W.W. Social Life at Rome in the Age of Cicero (Macmillan and Co., Ltd., London, 1916).
- FRANK, F. Catullus and Horace (Basil Blackwell, Oxford, 1928).
- GRENIER, A. The Roman Spirit in Religion, Thought, and Art (London, Kegan Paul, Trench, Trubner and Co., Ltd., New York: Alfred A. Knopf, 1926).
- HAIGHT, E.H. Romance in the Latin Elegiac Poets (New York, Longmans, Green and Co., MDCCCXXIII).
- INGE, W.R. Society in Rome under The Caesars (London, John Murray, Albemarle Street, 1888).
- KIEFER, O. Sexual Life in Ancient Rome (London, George Routledge and sons, Ltd., Broadway House: 62-74 Carter Lane, E.C., 1934).
- MUHRO, H.A.J. Criticisms and Elucidations of Catullus (Second Edition, London, George Bell and Sons, Cambridge: Deighton, Bell and Co., 1906).
- SELLAR, W.X. The Roman Poets of the Republic (Third Edition, Revised. Oxford, at the Clarendon Press, MDCCCLXXXIX).
- WHEELER, A.L. Catullus and the Traditions of Ancient Poetry (University of California Press, Berkeley, California, 1934).
- oOo----
- FYDSKRIF: Greece and Rome. (Second Series, March 1956, Vol. III, No. 1).
- VERTALING: Aan die hand van dió van Cornish, F.W.